Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 12

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE ONSEKER FAKTOR

Hier voor my lê vandag se koerant. Daarin word berig van die dood van 'n verloofde paartjie. 'n Rubberpyp in die uitlaatpyp na binne gelei. Selfmoord. Dit is tragies ja, maar die aangrypende, hulle het skynbaar geen rede gehad om hierdie wanhoopsdaad te pleeg nie. Daar was nie geldnood nie. Beide het verdien. Goeie sosiale status. Hulle sou binnekort trou en blykbaar was alles mooi en gesond. Die ouers kan dit maar net nie verstaan nie. Laat staan nog hierdie wanhoopsdaad verklaar.

Dit is maar net een paartjie. Van hoevele ander lees u nie in die dagbladpers nie. In verband met bostaande word selfs berig dat dit nou al die derde paartjie is wat in dieselfde omgewing 'n einde aan hulle lewens gemaak het. So gebeur hierdie dinge nou al hoe meer. Waarom? Behuisingsnood? Finansiële nood? Werkloosheid? Nee. Dit kan nie wees nie.

Die samelewing was seker nog nooit so goed georganiseer as juis in hierdie eeu waarin ons lewe nie.

Daar is arbeidsburo's, huweliksburo's, vakunies, koöperasies, welsynorganisasies, navorsings-institute, buitelandse sendings een na die ander. Alles en almal waak oor en beywer hulle vir die belange van die mens. Miljoene word jaarliks bestee tot verbetering van die landbou, behuising, nywerhede, industrieë, onderwys, hospitale, vervoerdienste, in so 'n mate dat die regering 'n verhoging van belasting moes aankondig in sy jongste begroting. Ewe so die Transvaalse en Kaaplandse provinsiale rade.

In die groot wêreld sien u dieselfde. Wat het die mens nie al aardig gepresteer op die gebied van o.a. ruimtenavorsing nie.

In Rusland is selfs 'n tweede hondekop op een liggaam oorgeplant. Watter geweldige betekenis het dit nie vir die mediese dienste nie. Die versagting van die menslike nood.

En tog gaan 'n jong verliefde paartjie heen te midde van al hierdie dinge en maak 'n einde aan hulle mooi jong lewens. En soos hierdie berig is daar baie soortgelyke beriggies in die koerante. Net dit, dit is vir elke ernstige waarnemer duidelik dat hierdie ding aan die toeneem is.

Waarom? Omdat al hierdie dinge op sig self nie in staat is om ware sekerheid te bied nie. Dit is waar die knoop lê. Sekerheid! 'n Mens wat homself die lewe ontneem, het nie meer sekerheid nie. Hy weet nie meer hoe nie, waarheen nie. En hierdie vlaag van onsekerheid is baie duidelik aan die toeneem.

In die parlement is onlangs 'n kode vir psigiaters bespreek. Hulle getalle neem toe. Vroeër het 'n psigiater gesukkel om te bestaan.

'n Vooraanstaande medikus het onlangs gesê dat sowat 80% van al die pasiënte in die dokters se spreekkamers fisies gesond is. Hulle is geestelik siek.

U lees van liefdesverhoudinge tussen bejaarde mense en kinders. Baie mense het hulle greep op die lewe verloor. Hulle het nie meer sekerheid nie. Waarom? Waarom het u nie meer sekerheid nie? Waarom wurg u in die greep van onsekerheid? Omdat die samelewing vooruitgaan, floreer? Nee! Maar omdat baie mense, omdat u al hoe meer u sekerheid in hierdie dinge gaan soek het. Industrialisasie, meganisasie, hospitalisasie, beter behuising, beter vervoerdienste, beter opvoedkundige geleenthede op sig self kan geen sekerheid gee nie.

Nee, alleen die geloof. Die geloof in die drie-enige God kan sekerheid gee. Deur die geloof verstaan u, begryp u, lewe u. Deur die geloof in God is u vir u sekerheid nie afhanklik van

wat hier met u in hierdie wêreld gebeur nie.

Hierdie lewe is tydelik. Verganklik. Waaragtige sekerheid kan dit nie gee nie. Nee, glo in God. Vermeerder u kennis van die Bybel. So word u geloof gebou, verbreed, verdiep. So kan u die skokke van die lewe weerstaan.

Deur die geloof is ons meer as oorwinnaars. Die geloof in God.

N. J. Grobler

Die samelewing was seker nog nooit so goed georganiseer as vandag nie — sê die skrywer in meegaande artikel. Hier het u 'n kykie op 'n deeltjie van die goed georganiseerde samelewing: 'n gewilde vakansieoord êrens by die see.

DIE VERHAAL VAN 'N WONDER

Ek skrywe aan u 'n ware verhaal.

Dit is nie bedoel vir sensasie nie, maar om u die wonder van God se genade in 'n mens se lewe te illustreer.

Haar naam was Elizabeth Kruys, suster in die mediese saal van die Krugersdorpse hospitaal. Sy was 'n volslae heidense vrou, gekweek in die atmosfeer van onverskilligheid. Jare lank was sy terloops in aanraking met die Evangelie, maar na 'n intensiewe kursus van vier maande het die wonder in haar lewe plaasgevind. Onweerstaanbaar het Christus haar hart verower gedurende die eerste maande van 1955 . . . Sy is op 20 Mei 1956 oorlede aan kanker na 'n siekbed van drie weke.

Die voorreg het ons te beurt geval om haar nagelate dagboek te kan ontvang .. . dit is só ontroerend mooi dat ek u ook sommige sinsnedes daarvan wil laat lees. Dit word 'n gloedvolle getuienis in die gees van die Psalmdigter se uitroep: "Ek wil vertel aan al my vriende wat God gedoen het aan my gees."

"Dit bloei in my hart asof daar aldeur pragtige roosknoppe oopspring, en ek is vervul met 'n onuitspreeklike dankbaarheid. Ek het God gevind en daarom het ek die algehele gevoel van liefde en vrede . . . deur oorvermoeidheid verloor ek dikwels hierdie gevoel maar meteens storm God se liefde weer op my af en ek kan dan maar net stamel van verdwaasde dankbaarheid."

"Hoelank het ek nie gesukkel om 'n standpunt in te neem nie. Maar die keuse het hom aan my opgedring. Ek moes die absolute skeidingslyn trek: God of die wêreld. Dat ek vir God gekies het, is nie my verdienste nie — God het my gekies maar ek wou nié kom nie — deur genade het ek meer belangstelling en insig verkry en nou weet ek dat ek die wedergeboorte ontvang het. Dit is geen mite nie. Soms het ek ook só gedink. Dit is 'n voortsetting van die wonders! Dat jy geestelik anders ingestel word, opeens, en dat jy daarna aldeur maar groei en leer."

"Op 20.5.55 is ek geopereer vir kanker. Wat sal die toekoms oplewer? In die meeste gevalle kom dit gou weer terug. Maar dit kan my geluk nié beïnvloed nie. Sommige mense vertrou my geluk nie. Hulle dink dat ek 'n spel speel. Nee, o nee. Ek het dan gebid, maande lank, om 'n oplossing omdat ek so oorwerk is en tog die werk wat ek doen nie kan opgee nie. Dan is die kanker tog die oplossing nie waar? En daarom is ek só tevrede."

"Ek het vir twee weke my geloof verminderd gevoel. Ek het só bang geword — so bang dat dit weg sou gaan en weg sou bly. Maar dit is nie so nie. Ek voel my diep ongelukkig en so verskriklik skuldig teenoor God wat soveel geduld met my het. Ek bid nog wel in dié tyd van my verlatenheid. Geleidelik het die sekerheid weer nader en nader gekom, tot dit opbruis in my soos die vol orkes wat skielik saam fortissimo speel. As jy eenmaal glo en jy stry in moeilike tye, kom dit tog weer reg met die geloof. Ek het weer met ontroerde dankbaarheid gesê: God het my weer "verwen" — Here ek laat U nie los tensy U my seën nie!"

Liewe leser . . . wonderlik is die weg van God met 'n mens. Die kerk bid vir u, naamloos ja, want ons bid vir die skare mense wat God langs die pad verloor het.

Dat die wonder van Elizabeth Kruys nog daagliks herhaal word is seker — as hulle maar net kon vertel.

Vra na die wonder!

W. J. de Klerk.

Is Kerkboeke naas die Bybel nodig?

Ons het u vraag gehoor, meneer —. U staan krities teenoor die Kerk se belydenisskrifte. U meen dis mensewerk. U meen dat die belydenisskrifte verdeeldheid onder die mensdom bevorder. U meen — maar wag, laat ons vir u 'n uiteensetting gee waarom die Kerk belydenisskrifte moet hê.

Toe die Kerk ontstaan het, het die belydenis ook ontstaan. U herinner u toe Jesus en sy dissipels in die streke van Cesarea-Filippi gekom en Jesus gevra het: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens is?" Toe het die antwoord gekom: "Sommige: Johannes die Doper, en sommige: Elia, en ander: Jeremia of een van die profete." Ja, toe reeds, in die geboortestadium van die kerk, was daar baie dwalinge wat teenstrydig was met die waarheid.

As Jesus nou verder vra: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" kom die antwoord van Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Hierdie belydenis van Petrus was die uitspraak van sy geloof in die enige ware God en dit het gestaan teenoor die valse uitsprake en dwalinge van die mense wat 'n valse belydenis gehuldig het.

Jesus keur hierdie belydenis van Petrus teenoor die dwalinge goed: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is." En as ons nou Matthéüs 10 : 32 in gedagte hou: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor my Vader

wat in die hemele is" ----- sien ons die

noodsaaklikheid van die belydenis.

Die Kerk kan nie sonder 'n belydenis wees nie!

In die eerste plek is die belydenis uitdrukking van die geloof van die gemeente. En wat hierdie geloof betref, moet daar eenheid wees. Die mense moet weet wat hulle aan die kerk het; en dit kan hulle alleenlik weet deur 'n belydenis wat duidelik sê wat die kerk wil en bely. So kom daar eenheid in die geloof.

In die tweede plek moet die Kerk standpunt inneem teenoor die dwaling en valse belydenisse van ander mense. Die

Kerk mag nie onverskillig staan teenoor wat ander leer nie. Nee, hy moet die regte weg aantoon volgens die Woord van God — en dit doen hy in sy belydenis.

C. J. Malan.

Die Gesprek tussen God en mens

Dit het werklik gebeur. .. Herodes Antipas, Vors van Galilea, was tydens Jesus se omwandeling op aarde, by ses geleenthede in aanraking met die stem van die Here.

Die eerste gesprek — Sy sonde.

Johannes die Doper het 'n dramatiese ontmoeting met hom gehad. In sy gesig is die beskuldiging geslinger:

> "Dit is u nié geoorloof om die vrou van u broer as vrou te besit nie." Herodes was 'n egbreker — 'n vrouedief.

Sy verborge sonde ...

En God het in vlammende prediking, sonder enige ompaaie dit aan hom gesê.

Maar Herodes het hom nié bekeer nie.

Die tweede gesprek — Die volhardende roeping

Om Johannes stil te hou is hy in die tronk gebêre.

Maar Herodes kon die gevangene nié weerstaan nie. Dit staan geskrywe dat hy hom dikwels gaan besoek het en hom graag gehoor het.

Maar met die daad het hy nié gehoorsaam nie.

Die derde gesprek — die keuse

Dit was noodlottig. Salomé, eis die Doper se hoof!

En Herodes, in 'n oomblik van rojale gemoedelikheid en dronkmanstoegeeflikheid het sy jawoord gegee.

Ons lees weliswaar van sy trane — maar hy het klaar verkeerd gekies.

Die vierde gesprek — Sy gewete

Herodes kon hierdie dooie man nie afskud nie.

God hamer op sy gewete. Hy meen dat Jesus Johannes is wat weer lewendig geword het (Matth. 14) — by ander geleenthede ontken hy dit weer (Lukas 9).

Die vyfde gesprek — die laaste boodskap

Jesus stuur aan hom 'n direkte boodskap — ontdekkend en appellatief. Uitnodigend om Christus se geheim te soek: "Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre en op die derde dag is ek klaar." Hy laat aan Herodes weet dat Hy in Jerusalem gedood moet word... en dan volg daardie aangrypende woorde: "Jerusalem, jy wat profete doodmaak, en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie."

Die sesde gesprek — dit is verby

Herodes is in Jerusalem. Dit is Paasfees.

Plotseling staan Jesus voor hom — van aangesig tot

aangesig. Ons lees dat hy bly was om Jesus te sien en dat hy Hom met baie woorde uitgevra het.

Alleen twee oë het hom aangekyk — Jesus het hom niks geantwoord nie.

Dié geweldige swye is die einde van die genade vir Herodes. Dit is die uitlewering aan die verharding. Die vallende gordyn. In die verte hoor ons hoedat die deur vir hom toeklap — hard en hol klink sy spotlag op as die swygende Jesus teruggestuur word na Pilatus.

Hoeveel gesprekke het die Here al met u gevoer?

U doop is 'n deurlopende gesprek — die gewete wat roep — die getuienis van die evangelie. U kan afwys — altyd maar afwys.

Uitstel. Ontvlug. Volhard. Kwelling weglag. As die stem u vasvat, ongeduldig omdraai op die bed en verder slaap.

Dit kan gebeur dat u eendag baie woorde wil praat — en Jesus sal niks antwoord nie.

Onthou twee dinge:

Dit is nou die tyd van Genade — Luister tog!
Daar kom 'n tyd dat die Here swyg — Hoe lank nog?

Volg die vuurspoor van u gewete en die ligfakkel van die Woord wat roep uit die duisternis na die lig!

BEGIN VANDAG *LEES*

Wat lees u?

Koerante, tydskrifte en boeke.

Lees u die Bybel?

Nee!

Waarom nie?

Omdat, ja omdat daar soveel onverstaanbaars en teenstrydigs in is. Dit is ook so ver verwyder van my belangstelling en van die moderne lewe, die wetenskap en die kuns **ensovoort.**

Verstaan u al die uitvindinge en prestasies van ons tyd?

Nee, nie ten volle nie.

En die kuns?

Nogal redelik baie.

Wat het u gedoen om dit te waardeer en te verstaan?

Deur te lees en 'n studie daarvan te maak het ek my kennis aansienlik vermeerder.

En, u sê u het die Bybel opsy geskuif omdat u dit nie verstaan nie?

Korrek!

Dan is u mos nie konsekwent nie. Waarom het u nie ook daarmee so volhard soos wat u met die kuns gedoen het nie?

Die geval van Die Kamerling.

Luister na wat selfs met 'n godsdienstige man gebeur het. Die staatsamptenaar van die koningin van die Ethiopiërs. Nadat hy aanbid het in Jerusalem, het hy teruggekeer na sy land in Noord-Afrika. Dit was 'n eensame pad. Onherbergsaam, troosteloos.

Terwyl hy met sy wa voortreis, het hy gesit en lees.

Hy het egter nie verstaan wat hy gelees het nie. Dit het hy aan Filippus, die apostel van Jesus Christus, erken. Hy was dus nie skaam om te erken dat hy nie verstaan wat die profeet Jesaja skryf nie, en ook was hy nie te trots om hulp te vra nie.

Onmiddellik-gewillig en op bekwame wyse het Filippus die Evangelie van Jesus Christus aan die hofdienaar verkondig en meegedeel. Hy het dit toe aanvaar en geglo wat aan hom verduidelik is, en daarna is hy gedoop, en met blydskap het

hy verder gereis.

Die blye boodskap.

En, so gaan dit met **elke opregte** soeker en leser van die Bybel. Hulle wat nougeset en verstandig die Woord van God ondersoek, het baie rede tot vreugde — hulle kan sing en getuig: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig.

Lieflik, as ons daaraan dink dat deur die hele Bybel soos 'n goue draad geweef lê die evangelie van die goeie. As ons by die skepping begin, verneem ons al van Christus, en wanneer ons van die sondeval lees, vang ons die gedagtes aan 'n Verlosser op, en ons hoor

dan reeds al van die oorwinnaar oor die vloek, die sonde, die slang en die duiwel. Wanneer n mens aandagtig al die Bybelboeke lees wat die geskiedenis vanaf Adam en van die Joodse volk meedeel, vind mens daarin die boodskap van die komende Verlosser, die boodskap van die kruis. In die Bybel tref ons ook die profetiese gedeeltes aan en hulle voorspel die koms van die Saligmaker. Verder is daar ook die liedere en psalms en spreuke in die Bybel, en as ons na die diepere betekenis vra, getuig een en almal van Christus. Tot sover die Ou Testament, 'n deel van die Bybel wat dikwels verwaarloos word.

In die Nuwe Testament lees ons van die koms van Christus, sy optrede, sy woorde, werke en dade. Daarvan getuig die apostels in woord en geskrif; daarin het Christus Homself ook aan Johannes op Patmos geopenbaar, en daarin lewer Hy opnuut die getuienis van die dinge wat nog moet gebeur, van die dinge wat sal kom.

Begin vandag.

Van Genesis tot Openbaring luister ons na een groot saak, naamlik na die evangelie, die blye boodskap, die boodskap van die verlede, vir die hede en oor die toekoms van die mens en die ganse skepping.

Wie hoor nie graag iets oor die toekoms nie? Wie wil nie graag meer weet van die dinge wat sal kom nie? Wie wil nie ook graag hoor watter sekerheid en vastigheid daar vir homself is nie? Net die onverstandige en die dwaas! Dit is net hulle wat die oë sluit vir die dinge wat hulle aangaan.

U is tog nie 'n dwaas nie?

Lees dus die Woord van God, die Bybel.

Begin vandag. Dadelik. Nie later nie.

Daar sal ook baie vrae ontstaan oor dinge wat u nie verstaan nie. Teken dit sorgvuldig op, en doen navraag. Daar sal iemand wees wat dit bevredigend kan beantwoord.

Begin vandag lees; en glo wat u lees, want dit is die waarheid. Dit is die Woord van God.

G. H. J. Kruger.

IS DIT U?

My huwelik het misluk.
My man was ontrou.
Die aand toe ek tuis kom, was my vrou weg. 'n Klein blou briefie het my vermoede bevestig — daar is 'n ander man.
My dogter het geval ....
My seun is besig om 'n eendstert te word.
Ek is 'n alkoholis.
Is dit u lewensverhaal wat in een van hierdie bekentenisse vertel word?

Hier is Hoop vir u.

Skryf aan:
QUO VADIS?
Posbus 2008,
Potchefstroom.

So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan\ \nie, maar die ewige lewe kan hê! — Joh. 3:16.

NIE VAN HIER NIE

My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie - Jesus aan Pilatus.

HOE GROOT IS GOD?

Die ruimtevaart het ons aandag meteen op die grootte van die heelal gevestig.

As u die aarde voorstel met 'n albaster van 'n halfduim in deursnee, dan sal die maan 'n bolletjie bietjie groter as 'n speld se kop op 'n afstand van vyftien duim daarvandaan wees. Die son sal 'n vuurbal van ongeveer vier voet middellyn wees op 'n afstand van honderd-en-vyftig tree daarvandaan.

As u die albastertjie wat die aarde voorstel, in Johannesburg neersit, sal u die naaste ster, Alfa Centauri, aan die anderkant van die aardbol, sê êrens in Japan moet plaas. Hierdie naaste ster is sover van ons af dat Carpenter met sy Aurora nagenoeg honderd-duisend jaar nodig sou hê om daarheen te reis. Hierdie ster is vier ligjare van die aarde verwyder — dit wil sê sover as wat lig in vier jaar sal trek teen 'n spoed van honderd-ses-en-tagtig-duisend myl per sekonde.

Die son, waarvan die aarde die derde satelliet is, is self 'n klein geel sterretjie wat êrens aan die melkweg hang. In die melkweg het die sterrekundiges al sterre ontdek met hul teleskope wat sover as ses-honderd-miljoen ligjare van ons af verwyder is, d.w.s. sover as wat lig teen n spoed van honderd ses-en-tagtig-duisend myl per sekonde in ses honderd miljoen jaar sal trek.

En dis nog maar in die melkweg.

Dan is daar nog ander sterrehemele waarvan die afstand ons skerpste verstand laat duisel.

Die Bybel sê dat hierdie dinge wat ons van die skepping weet, maar die fluisteringe is wat van God uitgaan. Wie sal dan die donder van sy magtige dade verstaan? (Job 26 : 14). Hoe groot dink u, is God wat hierdie dinge geskape het en dit eeu in en eeu uit in stand hou?

"Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is: daar word nie een gemis nie" (Jes. 40 : 26).

Hierdie God het sy Seun na die wêreld gestuur in die gestalte van 'n mens . . 'n hulpelose Babatjie in 'n krip . . . 'n Leermeester wat die voete van sy leerlinge was . . . 'n misdadiger wat aan die kruishout sterwe . . . die Oorwinnaar oor dood en graf . . . Die Koning van alle konings wat alle mag in hemel en op aarde besit.

Deur Jesus Christus mag ons die grote, majesteitlike God ons Vader noem.

Dink daaraan.

Ons Vader!

Die aarde waarop ons woon, is in die ruimtes van die heelal so klein soos die goudstoffies wat ek as kind smôrens in die streep sonlig wat in die slaapkamer val, met die hand wou vang.

Hoe klein is ekself dan in die oë van God!

Nogtans is Hy om Jesus wil my Vader na wie ek in die gebed kan gaan om al my nood en my blydskap te vertel.

My Vader.

Ek duisel.

P.W.B.

DAAR IS GEEN LAND . . . .

Daar is geen land sover of woes geleë,
geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid —
of orals blink u Naam en majesteit.

As ek, o Heer, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan —

wat is die mens dan dat U hom gedenk
het, die mensekind wat U so ryk beskenk
het! Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die engle om u troon.

Psalm 8:1, 3, 4

BRANDSPIRITUS IS BETER.

*Sukkel u smôrens om u stoof aan **die** gang te kry? Papier is natuurlik die ware jakob om 'n vuur gou te laat vat. Moet net nie u ou eksemplare van QUO VADIS? daarvoor gebruik nie. Gee hulle liewer vir u vriende om te lees. Hulle kan dit weer aan **hulle** vriende gee. En as u vuur nog nie brand nie — gooi 'n bietjie brandspiritus oor die hout. voor u die vuurhoutjie trek.*

VRAE

WIE IS GOD?

"Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is."

WAT IS 'N WARE GELOOF?

"'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie; maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus.

WAAR MOET EK BEGIN AS EK SALIG WIL WORD?

Gryp aan God se beloftewoord: "Almal wat deur die Evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want God gee ons in alle erns en waaragtiglik in sy Woord te kenne wat Hom welgevallig is: naamlik, dat diegene wat geroep is, tot Hom moet kom. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe."

Die antwoorde kom uit drie *pragtige boeke:*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Die Heidelbergse Kategismus.

Die Dordtse Leerreëls.